*Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kunsgeskiedenis* 2(3/4):

# ENKELE TENDENSE IN KUNSHISTORIESE NAVORSING IN SUID-AFRIKA

G-M. VAN DER WAAL
SEKUN, RGN

As vertrekpunt vir 'n moontlike breë oorsig van die groei van Kunsgeskiedenis in Suid-Afrika, bied hierdie artikel enkele bevindings op grond van die gelewerde formele studies oor die afgelope vyftig jaar. Aan die hand van syfers word opvallende tendense in die studies aangetoon, wat verdere besinning regverdig, veral teen die agtergrond van die huidige maatskaplike veranderings. In die eerste plek blyk dit dat groter aandag aan die bekendstelling van die navorsingsbevindings gegee kan word. Tweedens is die verhouding van teoretiese studies ten opsigte van ondersoeke oor kunswerke besonder hoog, veral op die gebied van beeldende kuns. By hierdie deeldissipline is die voorkeur vir nie-Suid-Afrikaanse onderwerpe ook opmerklik. In die algemeen kom dit voor asof ten minste tot onlangs, konvensionele onderwerpe en veral dié wat op tegniese aspekte fokus, wye belangstelling gewek het. Die nuutste metodologiese benaderings het nog nie behoorlik in die vakgebied posgevat nie. Die omstandighede waarbinne kunshistorici leef, sal ongetwyfeld tot koersaanpassings lei in die tendense wat vir vyftig jaar gegeld het.

On the basis of completed formal studies in Art History over the past fifty years this article presents some findings which may serve as a basis for a comprehensive review of the development of the discipline in South Africa. By using figures, distinctive tendencies are pointed out which demand further reflection, especially against the background of the current changes in our society. In the first place more could be made of the dissemination of research findings. Secondly the relationship between theoretical studies as against studies on works of art is exceptionally high, especially in fine art. This field also favours non-South African subjects. In general it seems, at least until recently, that conventional subjects, particularly those of a technical nature, received the most attention. New methodogical approaches have not yet been pursued properly in Art History. However, the context in which art historians live will undoubtedly lead to changes in the direction taken during the past fifty years.

Tot onlangs het kunshistoriese studies in Suid-Afrika in hoofsaak op nie-Suid-Afrikaanse onderwerpe gekonsentreer. Dit is algemeen bekend dat ook op skoolvlak buitelandse kuns nog verreweg die grootste plek inneem. Geen wonder dus dat 'n historiese oorsig van die groei van die vak as wetenskap hier te lande nog ontbreek nie. Verskillende omstandighede, soos die kulturele boikot en 'n paradigmatiese verandering met 'n klem op kontekstualisering, gee egter aanleiding om die fokus nader aan onsself te verskuif. 'n Voorbeeld daarvan is die baanbrekende studies oor die kuns van kultuurgroepe in die land wat voorheen geheel verwaarloos is. Terwyl 'n plaaslike oorsig van die vakgebied nog geskryf moet word — 'n Suid-Afrikaanse Kleinbauer[1] — wil ek enkele tendense in die navorsing voorlopig probeer aandui.

Waar daar vandag tekens is van 'n koersaanpassing in kunshistoriese studies, weg van die gekodifiseerde fokus op buitelandse (eng-westerse) kuns, kan 'n oop gesprek oor nuwe moontlikhede lewe in die vak inblaas. Die afgelope dekade is immers gekenmerk deur 'n besondere armoede, veral wat publikasies betref. In hierdie opsig kan die twee nuwe vaktydskrifte[2] goeie geleenthede bied, sowel vir die aanbieding (al is dit net tentatief) van die resultate van navorsing met 'n nuwe benadering, as vir 'n diskussie op metodologiese vlak. Volgens die sisteemteorie is die moontlikheid groot dat die gevestigde belange wat tans hekwagter speel vir die bestaande kodes, die nuwe aksente in die belangstelling as 'n bedreiging vir die mag sal ervaar. 'n Mens hoop dat weerstande, wat daar waarskynlik is, hulle in die oop arena van wetenskaplike gespreksvoering sal uitdruk. Dit wek enigsins verbasing dat kunshistorici, wat tog nie bekend staan as uiterste konvensioneles nie, tot nog toe nie werklik in die strydperk getree het nie. Moontlik is die vakgebied tans ook in dié sin gebind deur 'n bepaalde sosiale kode wat konfrontrasie ontmoedig. Bestaande standpunte is op die oomblik òf onuitgesproke (in eksplisiete sin), òf die wat publiek gestel is, word nie publiek geopponeer nie. 'n Rustige afweeg van benaderings en modelle behoort myns insiens egter by te dra tot dinamiek op die vakgebied, onder meer om die lewenskragtigheid daarvan te realiseer. Dit kom my as uiters onwaarskynlik voor dat student en voornemende studente 'n verstarde dissipline aantreklik sal vind vir beroepsmoontlikhede. Tewens is daar by nagraadse studies 'n inherente behoefte aan 'n keuseverskeidenheid uit benaderingswyses. Die vraagstuk "waarvoor word kunshistorici opgelei" hang natuurlik hiermee saam, maar dìt val buite die bestek van hierdie artikel. Tog vra 'n mens jou af by die samestelling van lyste verhandelings en proefskrifte, wat die grondliggende dryfveer van al dié studie was. Ongelukkig ontbreek enige uitdruklike koersaanduiders en word 'n mens gedwing om afleidings te maak, hoe tentatief ook al.

By die onderstaande voorlopige oorsig het ek my hoofsaaklik beperk tot die beskikbare gegewens oor *formele studies*, dit wil sê akademiese verhandelings en navorsingsprojekte wat op een of ander wyse geregistreer is. Alhoewel Kunsgeskiedenis as vak nog nie oud is in Suid-Afrika nie en dit deur 'n betreklik klein groep beoefen is en word, is die produksie reeds van sodanige omvang dat 'n mens binne redelike tyd onmoontlik alles kan deurgaan, om van lees nie eers te praat nie. Ek



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

moes dus volstaan met die verhandelings en publikasies wat aan my bekend is[3] en vir die res was ek toegewys op die titels en ander gegewens in indekse.

Selfs indekse oor verhandelings lewer probleme op. Die bekendes is A.M. Levin Robinson se register (1943) oor studies tussen 1918 en 1941, die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys se registers van 1943 tot 1971 en die RGN se *Navorsingsbulletin* vanaf 1970. In die eerste plek is volledigheid nie deur hierdie lyste gewaarborg nie, veral vanweë die vrywilligheidsaspek waarmee opgawe van studies gedoen word. Dit geld waarskynlik veral vir navorsingsprojekte deur nie-akademiese instansies en dié deur navorsers wat nie aan 'n instansie verbonde is nie[4]. Tweedens is formele grense tussen vakgebiede besig om te verdwyn. Ons belangstelling is tans breër as vyftig jaar gelede. Daar mag dus talle studies wees wat 'n kunshistoriese waarde het — as hulle dan nie 'n kunshistoriese inslag het nie — wat in die registers onder ander dissiplines gerubriseer is. Ek dink hier aan Argeologie, Psigologie, Opvoedkunde, Volkekunde en Sosiologie. Enkeles hiervan is wel opgeneem in hierdie oorsig. Dit is egter duidelik dat 'n dergelike fokusverbreding verskillende interpretasies van die gegewens toelaat en 'n ander oorsig mag dan ook verskil wat die in- of uitsluiting van studies in aanverwante vakke betref. Dit hang af van die raamwerk wat hanteer word. Vir die punt wat ek wil maak, gebruik ek 'n paar syfers, maar dié moet dus bloot as tendensaanduiders gelees word.

Ofskoon ek die "produksie" van 'n halfeeu in oënskou neem, het die werklike opbrings van die vak eers die afgelope twee dekades plaasgevind, vanaf die laat-sestigerjare. Tussen 1930 en 1960 verskyn daar *38* titels, en tussen 1960 en 1986 *233*. Kuns word dikwels as 'n welvaartsproduk gesien en dit mag moontlik die oorsaak wees waarom die vak 'n redelike belangstelling geniet het in die ekonomiese voorspoedsjare. Alle tersiêre inrigtings het trouens in dié tyd 'n opbloei beleef en ses nuwe departemente vir Kunsgeskiedenis is die een na die ander gestig[5]. Vir 'n tyd was dit gebruik om ook praktiese kursusse in kuns aan Kunsgeskiedenisdepartemente te koppel en die ontkoppeling het gedurende die jare 70 op twee ná by almal plaasgevind[6]. 'n Mens kan spekuleer dat 'n neiging tot spesialisasie end professionalisering van die twee rigtings hieraan ten grondslag lê en dat hierdie skeiding bygedra het tot die opmerklike toename in akademiese werk. Hierby kan nog die parellel genoem word van die aantal niekommersiële kunsmusea wat in dié tyd gestig is[7], wat die groter akademiese belangstelling bevestig.

Benewens die stigting van nuwe Kunsgeskiedenisdepartemente en musea sou 'n mens ook na die invloed van die groter beskikbaarheid van akademiese hulpmiddels op die groei van die dissipline kan verwys. Gedurende die jare 60 en 70 was hulpmiddels soos oorsese publikasies en buitelandse dokumentasiesentra se besit van mikrofiche nog vrylik bekombaar (en betaalbaar!). Vanweë die stremmings op buitelandse kontakte is hierdie bronne vinnig besig om af te neem. Origens word ook nie meer so dikwels na die buiteland gereis om oorspronklike kunswerke en die historiese omgewings van die kunswerke te verken as vroeër nie. Hierdie faktore dra daartoe by dat onderwerpe nader aan huis nou aantrekliker begin word. So 'n fokusverskuiwing gaan egter ooglopend hoë eise stel aan die beskikbaarheid van visuele en geskrewe inligtingsbronne oor die plaaslike toneel[8].

'n Derde bydraende faktor tot die toename in akademiese studies tussen die vroeë sestiger- en laat- sewentigerjare is die verskyning van 'n aantal oorsigtelike publikasies op die vakgebied. Op die terrein van die beeldende kuns is populêre bundels soos die twee dele van *Ons Kuns* (1961) gelewer; populêr-wetenskaplike werke soos Alexander se *Art in South Africa since 1900* (1962), Martienssen se *Twentieth Century South African Art* (1966) en Berman se *The Story of South African Painting* (1975) en biografiese woordeboeke en inventarisse soos Jeppe se *South African Artists 1900-1962* (1964), Kennedy se *Catalogue of Pictures in the Africana Museum* (1968) en Berman se *Art and Artists of South Africa* (1974). Tradisioneel dra boukunspublikasies 'n effens meer professionele en tegniese stempel. Tewens moes op hierdie terrein pionierswerk verrig word, terwyl die oorsigte meestal temporale en geografiese beperkings het. Voorbeelde is Lewcock se *Early Nineteenth Century Architecture in South Africa* (1963), Fransen en Cook se *The Old Houses of the Cape* (1965), Herbert se *Martienssen and the International Style* (1975) en Picton-Seymour se *Victorian Buildings in South Africa*. Slegs Greig *(A Guide to Architecture in South Africa*, 1971) het 'n totaalbeeld van die boukunsontwikkeling probeer gee, terwyl Fransen *(Drie eeue kuns in Suid-Afrika*, 1981) die eerste ernstige poging verteenwoordig om 'n historiese beeld van al die kunsvorme in die land te gee — buitendien een van die heel weinige bruikbare werke in Afrikaans. Kenmerkend van al die publikasies uit dié tyd is dat wetenskaplike werke ver in die minderheid is en buitendien beperkte onderwerpe dek. 'n Opvallende en kommerwekkende verskynsel is die afname in kunshistoriese publikasies sedert die vroeë tagtigerjare. Een van die redes vir hierdie vermindering is waarskynlik die buitengewoon hoë publikasiekoste van geïllustreerde werke. Ook hier mag die verskyning van die twee nuwe kunshistoriese tydskrifte nuwe geleenthede in dié verband bied en tewens daarop dui dat ander kommunikasiewyses gesoek word. Dit is moontlik 'n aanduiding van 'n nuwe dinamiek by 'n jonger generasie. Daar is egter geen plaasvervanger vir standaardwerke nie, veral nie die opleiding van kunshistorici nie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Ons inligtingsmedium mag verander as gevolg van die fasiliteite wat hoë tegnologie bied, maar die diepgang en oorsigtelikheid wat standaardwerke bied, kan moeilik vervang word.

Die lewenskragtigheid van 'n dissipline kan aan verskillende aspekte gemeet word. Een daarvan is die aantal akademiese verhandelings wat gepubliseer is. Dit sê iets oor die interaksie tussen die gevorderde vorming van vakkundiges en die gemeenskap waarin hulle staan: speel die opleiding in op die algemene belangstelling (in bevredigende maar ook in opvoedkundige sin), of trek die professie hom onprofeties terug in sy, in hierdie geval estetiese, ivoortoring? Vir Kunsgekiedenis lyk die prentjie nie vleiend nie, inteendeel: van die totaal van *245* voltooide nagraadse studies het net *9* in boekvorm verskyn. (Billikheidshalwe kan gevra word of dit in ander dissiplines beter daaraan toe gaan, maar dan moet 'n mens die Suid-Afrikaanse situasie vergelyk met byvoorbeeld dié in Europa waar 'n ander tradisie heers.) Laat daar eers gesê word dat daar etlike ander kunshistoriese boeke verskyn het wat wel van gedeë navorsing getuig en wat nie op formele opleiding gebaseer is of noodwendig in registers soos die *Navorsingsbulletin* geregistreer is nie, byvoorbeeld die publikasies deur Frieda Harmsen. Die boeke getuig self van hulle deeglikheid. Maar soek 'n mens na gepubliseerde verhandelings, dan is die oes inderdaad skraal. Dit wil voorkom of kunshistorici (nog) nie in hulle vorming opgelei word om die breër gemeenskap met hulle kennis en insig te dien nie. Die gedagte is blykbaar dat verhandelings en proefskrifte bloot geskryf moet word om grade te behaal. 'n Meer konstruktiewe benadering sal die relevansie van die opleiding en die vakgebied ongetwyfeld bevorder, terwyl dit onteenseglik ook meer steun en geloofwaardigheid by die algemene publiek sal werf. Tot dusver het nog net twee akademiese studies op beeldende kunsgebied in die pers verskyn, een oor die skilderkuns in Suidwes-Afrika en een oor Bisantynse muurskilderinge, albei doktorale studies. Op argitektuurgebeid is die oes ietwat ryker en ook meer toegespits op Suid-Afrika: vyf proefskrifte (dié van Martienssen — 1941, gepubliseer in 1956 — vorm 'n uitsondering met sy Griekse onderwerp) en twee M.A.-verhandelings[9]. Ofskoon die aantal nagraadse studente in beeldende kuns tradisioneel aansienlik groter is as in argitektuurgeskeidenis, gee die aantal gepubliseerde verhandelings dus 'n omgekeerde beeld. Die rede hiervoor moet waarskynlik onder meer gesoek word in die professionele gedeelte van die boekemark — argitekte en dergelike. Maar tewens sal die konkrete en plaaslike karakter van die onderwerpe van die studies hulle logieserwys meer leen vir publieke bekendstelling.

Neem 'n mens nagraadse studies nader in oënskou, dan blyk 1970 ook hier 'n besliste keerdatum te wees in terme van produksie. Gedurende die jare 70 is *100* studies voltooi, teenoor *35* in die jare 60, *22* in die jare 50, *10* in die jare 40 en *4* in die jare 30. Vir die huidige dekade, tot 1986, is die syfer *72*. Die gesamentlike syfer vir magisterverhandelings is *206*, teenoor *39* doktorale proefskrifte[10]. Die verhouding tussen die twee soorte akademiese studies het deur die jare nie noemenswaardig verander nie. Die verhouding tussen beeldende kuns en boukuns in al hierdie studies is ongeveer 2:1. In beeldende kuns word egter aansienlik meer M-grade ten opsigte van D-grade behaal (6:1) as in boukuns (4:1), wat onder meer aan die M(BK)-graadstudies by sommige universiteite toegeskryf moet word.

Tot onlangs het 'n MA-graad voorkeur bo 'n M(BK)- en MA(BK)-kwalifikasie geniet — laasgenoemde twee tipes maak die helfte van die M-grade oor die volle periode uit. Hierdie belangstelling kan waarskynlik toegeskryf word aan die praktiese gerigtheid van die BK-kursus. Daar is egter tans sterk aanduidings van 'n voorkeurwysiging ten gunste van die praktyk: terwyl die BK-grade maar 'n kwart van die M-grade gedurende die jare 70 uitgemaak het, tel eersgenoemdes in die huidige dekade dubbel soveel as gewone MA-grade met Kunsgeskiedenis as hoofvak. Klaarblyklik word die MA(BK) as 'n akademiese afronding vir kunstenaars-in-opleiding beskou. Beteken dit tewens dat die dissipline geen aantrekkingskrag meer het vir verdere akademiese opleiding nie[11]? In die lig van hierdie ernstige afname sal kunshistorici in die akademie fundamenteel moet dink oor die missie van die vak te midde van die huidige snelveranderende omstandighede in die land.

Aan die ander kant het nagraadse studies in argitektuurgeskiedenis teen 'n konstante tempo toegeneem. Die studies is eweredig verdeel oor MA- en MArch-grade. Moontlik kan daar tussen hierdie twee opleidingsgebeide (die departemente val meestal onder verskillende fakulteite) nouer kontakte gelê word, waardeur kruisbestuiwing kan plaasvind, soos dit in enkele gevalle inderdaad gebeur.

Verskuif 'n mens die fokus vanaf suiwer akademiese studies na alle navorsing met betrekking tot kuns en argitektuur oor die afgelope 50 jaar, dan wil ek eers 'n breë onderskeid maak tussen studies wat oor kunswerke en hul konteks handel aan die een, en ondersoeke van oorwegend teoretiese aard aan die ander kant. By beeldende kuns maak laasgenoemde soveel as een derde uit, terwyl dit by boukuns een tiende van alle studies vorm. Weer eens bevestig hierdie aanduiding die vermoede dat boukunsstudies voorkeur gee aan die konkrete aard van kunswerke. Hierteenoor het die ander deeldissipline 'n sterk teoretiese inslag. Hierdie verhouding word ook weerspieël in die aanbiedingswyse van die ondersoeke. Boukuns word deurgaans oorwegend beskrywend aangebied met die interpretasie as die raamwerk vir die gegewens. By beeldende kuns word meestal feitlikhede as raamwerk geneem met literêre argumentasie en verwysings as vulling daarvan.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Dokumentasie vorm dan 'n bylaag tot die ondersoek. Hierdie afleidings is veralgemenend en uiteraard nie van toepassing op elke studie in die twee deeldissiplines nie.

Vanuit 'n geografiese hoek gesien, is daar ook bepaalde voorkeure by nie-teoretiese onderwerpe. In beeldende kuns is die verhouding tussen studies oor Suid-Afrika, die res van Afrika en die buiteland ongeveer 4:1:2[12]. Ten opsigte van dieselfde kategorieë by boukuns is die verhouding ongeveer 14:1:3[13]. Daar is dus betekenisvolle verskille. By die eerste groep word aansienlike aandag aan die res van Afrika en die buiteland gegee, terwyl by boukunsstudies op die plaaslike toneel gefokus word.

Die verskille tussen die wetenskaplike tradisies van die twee deeldissiplines kom in die bostaande duidelik tot uiting. By beeldende kuns het die esoteriese en suggestiewe siening van kunswerke gelei tot 'n uitgebreide literatuur oor hierdie aspekte. Dit het 'n spiraaleffek deurdat nuwe studies proporsioneel besondere aandag wy aan vorige uitsprake en beskouings in die literatuur. Daarteenoor lei die ruimtelike en gebruiksaspekte van boukuns met 'n sekere noodwendigheid daartoe dat op die werke self gekonsentreer word en beskrywings 'n groot deel van die studies uitmaak. Die konteks van die werk is hier nie soseer die literatuur nie, maar beplannings-, gebruiks- en tegniese aspekte.

Dit is slegs by boukunstige studies moontlik om tussen onderwerpe oor die verskillende kultuurgroepe in Suid-Afrika te onderskei. Die verteenwoordiging is soos volg: blankes *36*, swartes *5* en Indiërs *2*. Hierby is nie die talle volkekundige studies oor die boutradisies van die inheemse volke ingesluit nie. In die algemeen gesien, is die visuele uitdrukkingsvorme van die meerderheid van die bevolking van hierdie land 'n opvallend verwaarloosde gebied. Dit stem te meer tot kommer in die lig van die aanmerklike toename in teoretiese en buitelandse studies op beeldende kunsgebied sedert die jare sewentig. Die bestaande (aan die buiteland ontleende) tradisie werk in hierdie opsig duidelik teenproduktief. Dit het tyd geword om in te sien dat on-eie resepte nie inheemse probleme op 'n outentieke wyse kan oplos nie.

'n Nuwe benadering sal waarskynlik egter eers moet worstel met die inligtingsprobleem. Daar bestaan naamlik nog geen gesistematiseerde en toeganklike inligtingsbron op die terrein van alle kultuurgroepe in die land nie. 'n Grondige herbesinning oor die missie van kunshistoriese werk in Suid-Afrika is daarom nodig. Eers as daar uitsig op die toekoms is, kan toepaslike en doelmatige infrastrukture vir wetenskaplike werk geskep word. Die publieke gesprek wat deur sowel die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kunshistorici as die Kunshistoriese Werkgemeenskap van Suid-Afrika in hierdie verband vanaf 1986 op die gang gesit is, is uiters noodsaaklik en verdien om verder gevoer te word.

Vanuit 'n tematiese oogpunt is daar tot dusver in boukuns- en beeldende kunsstudies by konvensionele onderwerpe, soos 'n kunstenaar of argitek en sy werk, ikonografiese aspekte of gebouetipes en stylontwikkeling, gebly[14]. 'n Ontleding van studies in beeldende kuns toon dat daar veral die afgelope twee dekades 'n tendens voorkom waarby tegniese en formele aspekte sterk op die voorgrond staan[15]. Hierby speel die afwesigheid van 'n vakkundige inligtingsnetwerk begryplikerwys eweneens 'n rol. Dit het eenvouding te duur en tydrowend geword om massas inliging vir kontekstuele studies in te samel en te verwerk. By boukuns kan 'n ruimtelike, geografiese afbakening die probleem gedeeltelik oorbrug, ofskoon noodsaaklike of gewenste vergelykings steeds nie gemaak kan word nie.

Hierdie konvensionele benadering tot kunsnavorsing lê die behoefte aan nuwer metodologiese benaderings in die vakgebied bloot. Daar het tot dusver nog maar 'n beperkte verkenning van nuwe perspektiewe plaasgevind wat in ander dissiplines reeds geruime tyd gangbaar is, soos kontekstualisme en sisteemteorie. Teenoor die huidige uitdagings wat 'n holistiese, inklusiewe benadering bied, handhaaf navorsers en nagraadse kunsstudente blykbaar nog in 'n groot mate 'n elitistiese en eksklusiewe kunsbeskouing. Kunswerke word nog dikwels as geïsoleerde fenomene en kunstenaars as genieë gesien. Dié houding lewer probleme op, want dit skep 'n kloof tussen kuns en die alledaagse lewe, is onbevorderlik vir kulturele vorming op skoolvlak en is ontoepaslik op die visuele uitings van die vroegste en die meerderheid van die inwoners van die land. Ongetwyfeld bestaan daar 'n noue band tussen kunshistoriese navorsing en die huidige skoolsisteem, spesifiek ten opsigte van die aard en omvang van die aandag wat aan die kunste bestee word. Dit is hier egter nie die plek om dieper daarop in te gaan nie. Die toestand is kommerwekkend en die onderwerp vra dringende en daadwerklike aandag[16].

Nuwe benaderingswyses in kunsonderrig en kunshistoriese navorsing sal met 'n sekere noodwendigheid in die nabye toekoms ontwikkel. Hierdie vormende aktiwiteite vind naamlik in dieselfde gemeenskap plaas waarin daar op staatkundige en maatskaplike gebied ingrypende verskuiwings en waarde-aanpassings geskied. In hierdie proses lê daar vir die navorsing op kunsgebied prikkelende uitdagings as daar verbeeldingryk na die toekoms gewerk word. Tewens kan die vakgebied 'n waardevolle bydrae maak tot die begeleiding van die proses van strukturele verandering, byvoorbeeld deur wedersydse begrip tussen kultuurgroepe te bevorder en die lewe te verryk deur die bekendstelling van kulturele uitdrukkings.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

AANTEKENINGE

1 E.W. Kleinbauer se twee publikasies: *Modern Perspectives in Western Art History* (New York: Holt, Rinehart & Winston, 1971) en *Reseach Guide to the History of Western Art* (Chicago: American Library Association, 1982) vorm deel van meeste kunshistorici se wetenskaplike gereedskap.

2 Naamlik die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur- en Kunsgeskiedenis* waarvan die eerste uitgawe in Maart 1987 verskyn het, en die tydskrif waarin hierdie artikel verskyn.

3 Versoeke aan verskeie universiteitsbiblioteke om deur middel van interbiblioteeklenings verhandelings onder oë te kry was onsuksesvol, veral wat ouer verhandelings betref.

4 By universiteite is die kanale vir kennisgewing aan die RGN grootliks geformaliseer, maar by musea en dergelike nog nie. Selfstandinge navorsers is dikwels nie van die waarde van registrasie in die *Navorsingsbulletin* bewus nie. Die misverstand heers dat net studies wat geldelike steun via die RGN ontvang, geregistreer moet/kan word.

5 Universiteit van Suid-Afrika in 1961, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Ondewys in 1965, Randse Afrikaanse Universiteit in 1969, Universiteit van Natal in 1971, Universiteit van Durban-Westville in 1972 en Universiteit van die Oranje-Vrystaat in 1973.

6 Aparte leerstoele vir Kunsgeskiedenis en Beeldende Kuns is soos volg ingestel: Universiteit van die Witwatersrand in 1975, Universiteit Pretoria in 1976, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys in 1977, Universiteit van die Oranje-Vrystaat in 1980. Slegs die Randse Afrikaanse Universiteit bied alleen Kunsgeskeidenis aan. By die Universiteit van Suid-Afrika en die Universiteit van Natal word een departement vir beide Kunsgeskiedenis en Beeldende Kuns aangetref.

7 Byvoorbeeld die William Fehr-versameling en die Pretoriase Kunsmuseum in 1964, Rust en Vreugd in 1965, Hester Rupert in 1966, Gertrude Posel en Irma Stern in 1972 en Anton van Wouw in 1973. Verskillende universiteite het origens in hierdie periode met kunsversamelings begin, met of sonder permanente uitstalruimtes.

8 'n Behoefte aan 'n landwye inligtingsnetwerk vir kulturele inligting is reeds gestel deur die Kunshistoriese Werkgemeenskap van Suid-Afrika, die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kultuurgeskiedenis en die Suider-Afrikaanse Museumvereniging. Dié moontlikheid word tans deur die RGN ondersoek.

9 Globaal volgens onderwerpe aangedui: *beeldende kuns:* Skilderkuns in SWA/Namibië (D-graad 1974, gepubliseer 1978); Bisantynse muurskilderinge (D-graad 1976, 1982); *boukuns:* Die idee van ruimte in Griekse boukuns (D-graad 1941, 1956); Suid-Afrikaanse boukuns vroeg 19e eeu (D-graad 1961, 1963); Die Suid-Afrikaanse werk van Herbert Baker (D-graad 1963, 1970); Boukuns in Natal,1824-1893 (M-graad 1967, 1973); Die werk van Norman Eaton (M-grade 1973, 1975); Martienssen en die Internasionale Styl in Suid-Afrika (D-grade 1970, 1975); Die boukuns in SWA/Namibië (D-graad 1981, 1981).

10 In getalle uitgedruk lyk die prentjie oor die afgelope dekades só: 1930's (M's 4, D's 0); 1940's (M's 9, D's 1); 1950's (M's 18, D's 4); 1960's (M's 28, D's 7); 1970's (M's 85, D's 15); 1980's (M's 62, D's 10).

11 Dit is ook opmerklik dat die aantal aansoeke vir finansiële toekennings (vir kunshistoriese ondersoeke) uit die A-begroting, wat die RGN op 'n agentskapsbasis vir die regering hanteer, besig is om af te neem.

12 Die syfers is: Suid-Afrika: 80; die res van Afrika: 17; die buiteland: 40.

13 Die syfers is: Suid-Afrika: 43; die res van Afrika: 3; die buiteland: 10.

14 Op die gebied van *beeldende kuns* is die hooftemas: die lewe en werk van 'n kunstenaar (30 studies), ikonografiese aspekte (22), tegniese aspekte (22), formele aspekte (21), stylontwikkeling (20), dokumentasie van kunswerke (19), kunsonderrig (17).

15 Uit 'n totaal van 22 studies oor tegniese aspekte, 11 studies gedurende die afgelope ses jaar, uit 21 oor formele aspekte, 13 die afgelope ses jaar.

16 Die outeur het in verband met die ondersoek deur die Schutte-kommissie bepaalde probleemareas onder die aandag van akademici probeer bring en uiters negatiewe reaksies ontvang. Die feit dat nie in gesprek getree is nie, dui ondubbelsinnig op die problematiese toestand op kunsonderriggebied. Daar heers blykbaar (nog) 'n vrees om die knelpunte aan te spreek.

BIBLIOGRAFIE


Alexander, F.L. 1962. *Art in South Africa since 1900.* Cape Town: Balkema.

Berman, E. 1974. *Art and Artists of South Africa.* Cape Town: Balkema.

Berman, E. 1975. *The Story of South African Painting.* Cape Town: Balkema.

Berman, E. 1983. *Art and Artists of South Africa.* Enl. ed. Cape Town: Balkema.

Bierman, B.E. 1968. Die boukuns van die Afrikaner. *In:* Pienaar, P. de V. (red.) 1968. *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel: 376-389

Bouman, A.C. 1936 *Kuns in Suid-Afrika.* Kaapstad: HAUM.

Departement Nasionale Opvoeding. 1986. *Witskrif oor bevordering van die skeppende kunste in Suid-Afrika.* Pretoria: Staatsdrukker.

Fransen, H. 1981. *Drie eeue kuns in Suid-Afrika.* Pietermaritzburg: Anreith.

Fransen, H.; Cook, M.A. 1965. *The Old Houses of the Cape.* Cape Town: Balkema.

Fransen, H.; Cook, M.A. 1980. *The Old Buildings of the Cape.* Cape Town: Balkema.

Greig, D.E. 1971. *A Guide to Architecture in South Africa.* Cape Town: Timmins.

Harmsen, F. 1980. *The Women of Bonnefoi. The Story of the Everard Group.* Pretoria: Van Schaik.

Harmsen, F. 1985. *Looking at South African Art. A guide to the Study and Appreciation of Art.* Pretoria: Van Schaik.

Herbert, G. 1975. *Martienssen and the International Style.* Cape Town: Balkema.

Jeppe, H. 1964. *South African Artists 1900-1962.* Johannesburg: African Press.

Kennedy, R.F. 1968. *Catalogue of Pictures in the Africana Museum.* Vol. 1-5. Johannesburg: Africana Museum.

Lewcock, R.B. 1963. *Early Nineteenth Century Architecture in South Africa.* Cape Town: Balkema.

Lewin Robinson, A.M. 1943. *Catalogue of Theses and Dissertations accepted for Degrees by the South African Universities - Katalogus van proefskrifte en verhandeling vir grade deur die Suid-Afrikaanse Universiteite goedgekeur, 1918-1941.* Cape Town: s.n.

Malan, S.I. 1959. *Gesamentlike katalogus van proefskrifte en verhandelinge van die Suid-Afrikaanse Universiteite - Union catalogue of Theses and Dissertations of the South African Universities, 1942-1958.* Aanvullings - Supplements No. 1-13, 1959-1971. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.

Martienssen, H. 1966. *Twentieth Century South African Art. Cape Town: Human & Rousseau.*

Martienssen, R.D. 1956. *The Idea of Space in Greek Architecture.* Johannesburg: Witwatersrand University Press.

*Navorsingsbulletin - Research Bulletin.* 1(1) 1970 - 16(5) 1986.

Peters, W. 1981. *Boukunst in Südwestafrika, 1884-1914.* Windhoek: SWA Wissenschaftlichen Gesellschaft.

Picton-Seymour, D. 1977. *Victorian Buildings in South Africa.* Cape Town: Balkema.

Skawran, K.M. 1982. *The Development of Middle Byzantine Fresco Painting in Greece.* Pretoria: UNISA.

*Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur-en Kunsgeskiedenis - South African Journal of Cultural and Art History.* Vanaf 1(1) Maart 1987.

*Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kunsgeskiedenis - South African Journal of Art History.* Vanaf 1(1 & 2) November 1985.

*Verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Bevordering van die Skeppende Kunste - Report of the Commission of Inquiry into the Promotion of the Creative Arts.* 1984. Pretoria: Staatsdrukker.

Wood, V.C. 1961. *Ons kuns.* Vol. 1, 2. Pretoria: Vereniging vir die Bevordering van Kennis en Kultuur.




Digitised by the University of Pretoria, Library Services